

PJ Kriel

Bevestiging – Ds A van Rooyen

11.03.2015

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen die toerusting om 'n getuie vir die Here te wees, en die toerusting van die Kerk met die Heilige Gees. Die prediking, sakramente en tug is die krag waarmee die Heilige Gees die Kerk van die Here toerus. Hierdie drie bedieningsmiddele is die kragtige instellings van die Here waardeur Hy mense, in Sy volle genade laat deel en hulle deur Sy genade regeer om in hulle volkome verlossing te leef. Die gawe waarmee die Here sy dissipels toerus om sy getuienis te wees, is hulle geloof in Hom. Dit is twee verskillende soorte toerusting. Die dissipels was deur die gawe van geloof in die evangelie, ten volle toegerus om die Here se getuies te wees. In hulle geloof in Sy lyding en opstanding, deel die dissipels die volle verlossing van en deur die vergifnis van sonde. Naas hierdie magsdaad van die Here op die Sondagand, waarin Hy hulle met Hom verenig en in hulle die kennis en vertrouwe skeep as Here, is daar geen ander geestelike ervaring met die Here wat hulle meer verlos, meer gelowig en meer gehoorsaam aan die Here maak het nie. Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag het niks toegevoeg aan hulle geloof en gehoorsaamheid aan die Here nie. Dit het drie nuwe bedieningsmiddele toegevoeg aan die kerk wat die kerk nooit voorheen gehad het nie. Om te getuig vir die Here kan daar nooit weer 'n wag-opdrag wees nie! Die kerk is eenkeer vir altyd met die bedieningsmiddele van die prediking van Christus, die tekens van Christus en die tugtiging na Christus toegerus. Net so min as wat die Kerk eers weer moet wag dat die Here moet ly, gekruisig word, dood moet gaan, begrawe moet word en uit die dood moet opstaan om na die Hemel op te vaar, net so min sal die Kerk van die Here ooit weer hoef te wag vir die toerusting van die Kerk!

Votum

Lied 440:1,3,4

Gebed

Skriflesing: Lukas 24:36 – 49; Hand. 1:4 – 8 & 2:22 – 36

Lukas 24:

³⁶Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir hulle: “Vrede vir julle!” ³⁷Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien 'n gees. ³⁸Hy sê toe vir hulle: “Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte? ³⁹Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie.” ⁴⁰Terwyl Hy dit sê, wys Hy vir hulle sy hande en voete. ⁴⁴Daarna sê Hy vir hulle: “Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is.” ⁴⁵Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. ⁴⁶Verder sê Hy vir hulle: “So staan daar geskrywe: ‘Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, ⁴⁷en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.’ ⁴⁸Julle is getuies van hierdie dinge. ⁴⁹En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is.”

Handelinge 1:

⁴Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: “Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle

God rus Sy kerk met die krag van Sy bedieningsmiddels toe om ons in die volle verlossing te laat deel

van My gehoor het. ⁵Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word.” ⁶Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: “Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?” ⁷Hy het hulle geantwoord: “Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. ⁸Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

Handelinge 2:

²²“Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die kragtige daade, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self. ²³God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak. ²⁴Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. ...

³²God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. ³³Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor. ³⁶Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!”

Preek

Roep ds. van Rooyen na vore

Formulier

Gebed

Gelukwensing

Lied 486:1,3,4

Seëngroet

PJ Kriel

11.03.2015

Teksvers: Luk 24: *“⁴⁸Julle is getuies van hierdie dinge. ⁴⁹En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is.”*

Tema: God rus Sy kerk met die krag van Sy bedieningsmiddels toe om ons in die volle verlossing te laat deel

1. Daar is 'n baie groot verskil tussen die toerusting om 'n getuie vir die Here te wees, en die toerusting van die Kerk met die Heilige Gees.

Die geloof in Jesus Christus as die opgestane Here is die wyse waarop die Here mense in Sy volle verlossing laat deel en Sy getuies van hierdie verlossing maak.

Die prediking, sakramente en tug, is die krag waarmee die Heilige Gees die Kerk van die Here toerus.

Hierdie drie bedieningsmiddele is die kragtige instellings van die Here waardeur Hy mense

➤ in Sy volle genade laat deel en

➤ hulle deur Sy genade regeer om in hulle volkome verlossing te leef.

2. Die “sien en glo” van die Here wat uit die dood uit opgestaan het, is die volledige toerusting van die Here om die volle verlossing te deel en om 'n getuie vir die Here te wees.

Dit sien ons in die woorde van die Here en wat Hy deur hierdie woorde in die harte van sy dissipels doen: “Lukas 24:⁴⁴Daarna sê Hy vir hulle: “Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is. ⁴⁵Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan.”

Hierdie “open van die verstand om die Skrif te verstaan” is Lukas se uitdrukking waarmee hy stel dat die dissipels gelowig geword het.

Voor hierdie gawe om hulle verstand te open, was hulle ongelowige oor die lyding en opstanding van die Here.

3. Hierdie ongeloof wys duidelik in die verskyning van die Here die Sondagaand na Sy verhoor, kruisiging en dood.

Die Here het by herhaling vir Sy dissipels vertel dat Hy moet ly vir hulle sonde en uit die dood moet opstaan om die vergifnis van sonde 'n werklikheid te maak.

God rus Sy kerk met die krag van Sy bedieningsmiddels toe om ons in die volle verlossing te laat deel

Hulle het egter nooit die Here hieroor geglo nie. Hierdie ongeloof in die lyding, dood en opstanding van die Here was die rede hoekom hulle Hom verlaat en verloën het toe Hy Homself oorgegee het aan Sy lyding en dood.

Hierdie ongeloof maak hulle verskrik toe die Here na Sy opstanding uit die dood dan aan hulle verskyn. Net soos voor Sy dood, glo hulle nog steeds nie in Sy lyding en opstanding nie, al staan Hy lewend as mens daar tussen hulle.

Terwyl Hy tasbaar tussen hulle as mens is, glo hulle Hy is 'n gees, dit is, 'n spook.

Dit help ook nie dat hulle aan Hom vat en voel Hy is weer mens nie, want die teks stel dat hulle toe weens hulle verwondering oor die wonderwerk, nog steeds nie geglo het dat Hy as Messias vir mense se sonde moes ly en hulle sonde self sal vergewe as die lewende Here nie.

Ook nie die eet van vis het hulle gelowiges gemaak nie.

Wat hulle gelowiges maak, is die magsdaad van die opgestane Here wat hulle in die Evangelie van Sy dood en opstanding laat deel, en op so wyse hulle verstand open om Hom te ken en te glo!

Ons mag geen ander beeld van die dissipels skep asof hulle in die Here se lyding en opstanding geglo het voor Sy verskyning en Sy toesegging van Sy genade op die Sondagaand nie.

4. Toe die Here hulle verstand open en hulle Sy lyding en opstanding as Messias glo, was hulle ten volle toegerus met die volle verlossing en om getuies van die Here te wees.

In hulle geloof in Sy lyding en opstanding, deel die dissipels die volle verlossing van en deur die vergifnis van sonde.

Naas hierdie magsdaad van die Here op die Sondagaand, waarin Hy hulle met Hom verenig en in hulle die kennis en vertroue skep as Here, is daar geen ander geestelike ervaring met die Here wat hulle meer verlos, meer gelowig en meer gehoorsaam aan die Here gemaak het nie.

Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag het niks toegevoeg aan hulle geloof en gehoorsaamheid aan die Here, as wat hulle op die Sondagaand na Sy opstanding ontvang het nie.

Daarom stel die Here dan ook direk saam met die kennis van Hom as Here, aan hulle dat hulle nou getuies is van hierdie dinge, dit is, die geboorte, lyding, dood en opstanding van die Messias. Na Hy hulle verstand geopen het, is hulle Sy getuies.

Met hierdie geloof in die Here is hulle volkome toegerus om ten volle deel van die verlossing te wees, en getuies van die Here te wees. Want om getuie te wees, is net om met jou mond te bely en te verkondig wat jy in jou hart van Jesus as die Messias glo: ek is vergewe en my liefde is vir God geheilig in al my gebrokenheid.

God rus Sy kerk met die krag van Sy bedieningsmiddels toe om ons in die volle verlossing te laat deel

Die dissipels het geen verdere toerusting as gelowiges gekort om verlostes en getuies te wees nie.

Hulle verstand was geopen en hulle het die opdrag gehad om te bely wat hulle glo.

5. Daarom moet ons baie goed besef wat die wag-opdrag beteken!

Die wag-opdrag was nie bedoel om verder opgelei te word of om persoonlik toegerus te word om getuies van die Here te wees nie.

Vir die uitvoer van die opdrag om te getuig, het die dissipels nadat hulle oë geopen is, niks meer nodig gehad om hulle opdrag uit te voer nie.

Die wag-opdrag het gegaan oor wat die Here met Sy Kerk as instelling op aarde gaan doen, nie wat Hy met Sy dissipels se persoonlik lewe, hulle persoonlike verbintenis met Hom, of hulle persoonlike ywer vir hulle diens aan Hom sou doen nie.

Die toerusting van krag waarvoor hulle moes was, was die toerusting van die Kerk!

Die Here moes eers iets met Sy Kerk doen, voor hulle as toegerusde getuies kon begin met hulle getuienis-taak.

6. Kom ons lig hierdie verskil met 'n voorbeeld toe: die verskil tussen die toerusting van die bemanning van 'n boot, en die toerusting van die boot self!

Bemanning word opgelei om hulle dienste te lewer op 'n boot. Hierdie opleiding gaan oor hulle persoonlike vaardighede om bepaalde dienste aan die mense op die boot te lewer.

Die toerusting van die boot is totaal iets anders.

Voor die boot ter see gelaat kan word, moet dit eers met 'n enjin en skroef toegerus word; moet dit eers met 'n stuurwiel en kompas toegerus word.

Hierdie die boot word nie deur die bemanning toegerus nie. Die bootbouer rus die boot met hierdie toerusting toe.

Net so!

Christus bou Sy Kerk, die boot, en die Here rus self Sy Kerk toe met al die toerusting wat eie aan die Kerk is, om as Kerk te kan werk! Geen lidmaat of leraar bou die Kerk of rus die Kerk van die Here toe nie.

Dit is iets wat net die Here doen!

7. Hierdie toerusting van die boot as deel van die bouproses, is die werk wat die Here noem: die gee van die gawe van die Gees aan die Kerk, of die uitstorting van die Heilige Gees.

God rus Sy kerk met die krag van Sy bedieningsmiddels toe om ons in die volle verlossing te laat deel

Die Here alleen stort hierdie Gees op Sy Kerk uit, en hierdie Gees is die krag van die Kerk.

Wat is hierdie toerusting wat die uitstorting van die Gees die Kerk mee toerus?

Dit sien ons duidelik in die eerste preek waarin die Evangelie verkondig word na die uitstorting van die Heilige Gees:

- die verkondiging van Jesus se dood en opstanding,
- die Doop en Nagmaal as tekens van Jesus se dood en opstanding
- en die Tug as die oproep tot geloof in Jesus Christus.

Hierdie is die drie nuwe toerustingsmiddele waarmee Jesus Sy Kerk toerus deur die uitstorting van die gawe van die Heilige Gees.

Voor die uitstorting van die Gees was die Kerk nie met hierdie kragmiddele toegerus nie.

- Voor Christus nie die Gees aan die Kerk gegee het nie, was daar geen verkondiging van Jesus se dood, kruisiging en opstanding nie.

Met die uitstorting van die Gees het dit die kragmiddel van die Gees geword waardeur mense by Jesus ingelyf word en deel aan Sy dood en opstanding.

- Voor Christus nie die Gees aan die Kerk gegee het nie, was daar geen sakrament van die dood en opstanding van Jesus, en ons inlywing in Sy dood en opstanding nie.

Na die uitstorting van die Gees is dit die kragmiddele waardeur die Gees mense verseker van hulle inlywing en deel wees van die dood en opstanding van Jesus Christus.

- Voor Jesus Christus nie die Gees aan die Kerk gegee het nie, was die tug van die volk van die Here 'n oproep om God se verbond te glo.

Na die uitstorting van die Gees is die oproep tot geloof in Jesus as die enigste wyse om God se verbond te glo, die nuwe kragtige tugmiddel waardeur die Heilige Gees in mense se harte werk.

8. Waaroer het die wag-opdrag dus gegaan?

Dit het daaroor gegaan dat die dissipels moes wag dat die Here die Kerk met Sy nuwe kragtige aandrywingsmiddels toerus: die prediking, sakramentsbediening en tug.

Dit is soos bemanning wat wag dat die boot met die enjin, stuurwiel en kompas toegerus word. Die boot moet eers klaar toegerus word en te water gelaat word voor hulle hul diens op die boot kan begin.

God rus Sy kerk met die krag van Sy bedieningsmiddels toe om ons in die volle verlossing te laat deel

Hierdie wag-opdrag het absoluut niks met hulle eie geloof, hulle eie persoonlike toerusting of hulle eie verhouding met God te doen gehad nie.

Deur hulle geloof in Christus as die Here wat moes ly en opstaan, was hulle volkome toegerus vir hulle dienstaak. Hulle moes vir die loodsing van die Kerk wag. Nie vir een of ander persoonlike geestelike ervaring met God nie.

Hulle moes wag dat die Here Sy Kerk loods!

Want Hy is die Here wat die Kerk loods en stuur. Hulle is net diensdoenende bemanning.

9. Daarom kan daar nooit weer 'n wag-opdrag wees nie!

Net so min as wat die Kerk eers weer moet wag dat die Here moet ly, gekruisig word, dood moet gaan, begrawe moet word en uit die dood moet opstaan om na die Hemel op te vaar, net so min sal die Kerk van die Here ooit weer hoef te wag vir die toerusting van die Kerk!

Die Here het die Kerk met Sy nuwe kragaandrywingsmiddels toegerus, en die Kerk loop op hierdie nuwe kragaandrywingsmiddels: die prediking van die Here se dood en opstanding, die verseëling van die Here se dood en opstanding met die Doop en Nagmaal, en die tugtiging tot geloof in die Here se dood en opstanding.

Die verhaal van die Kerk na die uitstorting van die Gees is nie die verhaal van 'n boot wat elke keer van vooraf met kragmiddele toegerus moet word asof dit nie toegerus is nie, nog minder is dit die verhaal van 'n boot wat elke keer weer ter see gelaat moet word.

Die verhaal van die Kerk is die verhaal van die reis van die boot: die Here wat Sy Kerk van een stad na die ander stad vat; van een gemeenskap na die ander gemeenskap, en een volk na die ander volk – en hulle deur hierdie bedieningsmiddele laat deel in Sy verlossing.

Ons mag nooit hierdie eenmalige toerusting van die Kerk van die Here as nuwe skepping in die plek van die volk Israel, sien as iets waarvoor die Kerk ooit weer moet wag nie.

Dit is die dwaling in die Kerk dat die Here nie Sy Kerk nie, maar mense persoonlik toerus, asof die heilsmiddele van die Kerk hulle persoonlike toerusting is. Mense wil vandag hulle eie lewe en hulle godservarings die kragtige toerusting van die Gees maak:

- In die plek van die verkondiging van die lewe van Christus, wil hulle hul eie lewensverhaal met God vertel, so asof hierdie vertelling van hulle eie lewensverhaal die nuwe krag is waardeur God se Gees moet werk.
- In die plek van verseëling deur die Doop en Nagmaal van ons eenheid met die Here se lewe as opgestane mens in die Hemel, wil hulle hierdie tekens

nou die verseëling van hulle eie godservarings maak waarin jy sekerheid moet kry.

- En in die plek van die tugtiging tot geloof in die opgestane Here en ons eenheid met Sy lewe, hou hulle hul eie godservarings voor as die nuwe tugtiging deur die Gees: jy moet ook sulke ervarings hê, anders leef jy nie in die krag van God soos hulle nie.

10. Daarom, André, mag jy nie jou diens in Messina opneem asof daar nog een of ander wag-opdrag is waarop jy of die gemeente moet wag nie.

Die Kerk van die Here wag nie op een of ander geestelike se lewe en se voorbeeld asof hulle kragteloos is nie.

Hierdie gemeente is toegerus met die gawe van die Heilige Gees: hulle het die kragtige middels waardeur die Heilige Gees werk, as deel van hulle gemeente ontvang: hulle gemeente het die instelling van die Woordverkondiging, die instelling van die bediening van die sakramente en die instelling van die tug ontvang.

Hulle gemeente is deur die Gees van die Here hiermee toegerus.

Daarom het hulle jou juis geroep na hulle gemeente toe: omdat hierdie gemeente toegerus is met hierdie instellings van die Here Jesus Christus.

Daarom moet ons jou eers bevestig voor jy hierdie diensmiddels mag bedien. Want hulle as gemeente moet jou in diens stel voor jy hulle toerusting mag gebruik.

En dit is al waarvoor jy en hulle moes wag: net die indiensstelling as amptenaar in 'n toegerusde gemeente.

Dit is soos die aanstelling van nuwe bemanningslede op 'n boot wat al jare ter see vaar! Daar is geen gewag op die boot se toerusting nie. Jy moet net jou werk begin.

11. Daarom mag jy nie jou diens in Messina opneem asof hier nuwe krag gaan losbreek in die gemeente nie. Hulle mag ook nie hierdie verwagting van jou hê nie.

Dit word al meer en meer in die NG Kerk gedoen: elke nuwe dominee wil met die Kerk van die Here oor begin as hy as predikant sy werk doen.

Dit word gedoen in die wangedloof dat geestelikes se lewe die nuwe kragmiddels is waardeur die Gees werk.

Daarom ook die dwaling dat leraars voel dat hulle mense met die krag van God toerus in en deur hulle persoonlike verhouding met God!

Dat mense die eerste keer die Here ontmoet as hulle hierdie dominee ontmoet, dat mense vir die eerste keer met die Heilige Gees vervul word as hulle hierdie gees van hierdie dominee leer ken.

God rus Sy kerk met die krag van Sy bedieningsmiddels toe om ons in die volle verlossing te laat deel

Messina gemeente is al vir meer as tagtig jaar met die krag van die Heilige Gees toegerus, en vir meer as tagtig jaar werk die Here Sy verlossing deur die drie genademiddele waarmee hierdie gemeente toegerus is.

Neem jou diens op in hierdie eerbied vir die Here se gemeente!

12. Jy moet jou diens in hierdie gemeente opneem met hierdie geloof in die Here se Kerk, en daarom ook met hierdie geloof in die Here se gemeente Messina!

Jy moet glo in die gemeente se toerusting!

Die verkondiging van die Here se dood en opstanding in die prediking, die verseëling van die Here se dood en opstanding in die Doop en Nagmaal, en die tugtiging as die oproep tot geloof in die Here, is die kragtige middele waardeur die Here hierdie gemeente met Hom verenig en in Sy liefde laat deel.

Jy mag nooit jou persoonlike lewe of enige geestelike ervaring van jou diens aan die Here of jou verhouding met die Here – die waarde gee van 'n krag waardeur God met die gemeente werk nie.

Dit is seker die diepste dwaling in die NG Kerk tans dat die Here nie kragtig werk in die prediking, sakramentsbediening en tug nie, maar eerder deur die bekeerde en godsvervulde lewe van geestelikes.

Mense word mislei om te glo dat God deur mense se geestelike ervarings en die vertelling van hulle geestelike ervarings, die krag van die Gees tussen ander mense loslaat.

Mense word mislei om te glo dat hulle deur die verhouding met, of die naboots van geestelikes, nader aan God kom, kragtiger toegerus word en meer in die krag van God leef as deur die middele waardeur God in die gemeente werk.

Jy mag nie jou gees in die gemeente loslaat nie, en hulle mag nie hulle gees op jou loslaat nie.

Christus het Sy Gees aan die gemeente gegee en Hy werk kragtig waar niemand iets sien of mobiliseer nie.

Doen jou diens en glo in die werking van die Here! Vir hierdie diens hoef jy juis op niks te wag nie.

13. Jy moet ook jou diens opneem met die aanvaarding van die geloof van die lidmate as die volledige genadewerk van die opgestane Here!

Jy mag nie soos baie ander maak asof daar naas die volledige verlossing wat die dissipels van die Here op die Sondagaand ontvang, naamlik om Hom as Here te ken en te vertrou, nog 'n meer volkome en kragtiger verlossing is wat hulle moet ontvang, so asof die uitstorting van die Gees op die Kerk hulle meer en anders sal maak as wat die Here hulle op die Sondagaand as gelowiges gemaak het nie.

God rus Sy kerk met die krag van Sy bedieningsmiddels toe om ons in die volle verlossing te laat deel

Hulle geloof in die dood en opstanding van die Here Jesus Christus is die geloof wat die Here self in hulle gegee het deur hulle verstand te open vir die betekenis van Sy heilswerk.

Hierdie gelowiges is die kinders van die Here wat jy moet bedien met die heilsmiddelle van die gemeente van die Here.

Want in hierdie geloof word hulle elke dag beproef en mislei.

Beproef asof hulle nie die gawe van die Gees kan hê met die sondes waarmee hulle sukkel nie, so asof hulle op iets anders moet wag as hulle geloof dat die Here hulle sondes vergewe en hulle gebroke liefde vir Hom heilig.

Jy moet hulle met die Evangelie versterk om seker te leef dat daar niks anders is om op te wag as wat God reeds deur die geloof in hulle harte gewerk het nie. Hulle mag vrymoedig die Here in hulle geloof liefhê en dien.

Mislei omdat hulle uit elke hoek opgeroep en gedreig word om te wag vir iets anders as hulle geloof in God se genade, en hulle lewe in God se genade.

Moenie hulle minag vir hulle sonde nie. Moenie hulle minag vir hulle gebroke liefde nie.

Aanvaar hulle in en deur die vergifnis van die Here van en vir sondaars.

Dan sal daar nie die skeuring wees tussen die beter en die minder beter gelowiges, die gewone gelowiges en die Godsvervuldes nie, die heilige en die onheilige gelowiges nie.

Dan sal julle een wees in julle vereniging met die Here: sondaars verenig met die gekruisigde lewende Here!

Ons wag nie meer op die Gees nie, en ook nie op 'n beter lewe nie. Die gemeente is toegerus met die volle krag van die Gees. Doen jou werk in hierdie geloof!

Die Here is besig om die lidmate van Messina te vergewe en in Sy genade te regeer – daar is niks anders en beter om op te gaan sit en wag met geestelike passiwiteit nie.